Het jy vanjaar donker tye beleef?
Hoe het jy reageer?

Victor Frankl, wat in die Tweede Wêreldoorlog se konsentrasiekampe was, skryf dat daar verskillende goed met ons gebeur in donker tye:
* GEEN HOOP. Hopelose mense gee op, raak siek
- HOOP IN JOUSELF. Sulke mense verander van identiteit of hul ware kleure kom skielik na vore. Die vriendelikste mense verander na ongeskik en brutaal.
- HOOP IN ANDER DINGE. Mense hou net uit omdat hulle weer hul geld, status, materiële dinge wil terughê.

Die lewe sal altyd swaakry en donkerte hê, en al hoe ons daardeur kan kom is met HOOP.

Maar hierdie hoop kom nie uit onsself of uit die verganklike dinge rondom ons nie. Dit kom van buite onsself, dit kom van Bo, van God af.

JESAJA 9:1-6

Die volk wat in donkerte geleef het,
het 'n groot lig gesien,
oor dié wat in die donker land was, het 'n lig geskyn.
U het dié wat nie meer 'n nasie was nie, baie gemaak, hulle blydskap groot gemaak.
Hulle het hulle in u teenwoordigheid verbly soos mense bly is in die oestyd, soos hulle juig wanneer hulle die buit verdeel.
Soos die dag toe Midian verslaan is, het U die juk verbreek wat op die volk gedruk het, die stok waarmee hulle geslaan is, waarmee hulle gedryf is.
Elke soldateskoen wat in die oorlog gebruik is, en elke uniform wat met bloed bevlek is, sal verbrand word, deur die vuur verteer word.

Vir ons is 'n Seun gebore, aan ons is 'n Seun gegee;
Hy sal heers, en Hy sal genoem word:
Wonderbare Raadsman,
Magtige God,
Ewige Vader,
Vredevors.
Sy heerskappy sal uitbrei, en Hy sal vir altyd vrede en voorspoed bring.
Hy sal op die troon van Dawid sit en oor sy koninkryk regeer.
Hy sal dié koninkryk vestig en in stand hou deur reg en geregtigheid,
van nou af en vir altyd.
Daarvoor sal die onverdeelde trou van die Here die Almagtige sorg. '

Wat staan vir jou uit in hierdie teksgedeelte?
Hierdie teks word aangehaal in Matteus 4, wanneer dit na Jesus se lewe op aarde verwys.

Jesaja se oplossing vir die donker (lees die laaste gedeelte van Jesaja 8) is die lig. Hierdie lig is niemand anders as Jesus Christus nie. Toe Hy gebore is, het ‘n groot lig geskyn, maar meer as dit was Hyself die bron van lig in mense se lewens.

Kan jy onthou toe God die son geskep het, was daar voor dit reeds lig?

Die lig was van die begin af daar en sal altyd daar wees.

JOHANNES 1:9-10 - *“Die ware lig wat elke mens verlig, was aan die kom na die wêreld. Hy was in die wêreld, en die wêreld het deur Hom ontstaan, en tog het die wêreld Hom nie erken nie. Hy het gekom na wat syne was en tog het sy eie mense Hom nie aanvaar nie. '*

JOHANNES 8:12- “Toe het Jesus weer met hulle gepraat en gesê: “Ek is die lig vir die wêreld. Wie My volg, sal beslis nie in die duisternis leef nie, maar sal die lig van die lewe hê.”

WAAR KOM DIE LIG VANDAAN?

Watter ligpunte in jou lewe het die donker laat verander?
Wat is vir jou ligpunte tans in jou lewe wat vir jou hoop gee?
Wat kikker jou lewe op, maak jou opgewonde?

Ons smag dalk nie na sondige, menslike ligpunte nie, maar wanneer goeie goed, heersende goed begin raak, dan raak dit slegte goed. Dan is ons besig om die geskenke, eerder as die gewer, te aanbid.

Watter geskenk het jy al van iemand ontvang… Wat jy nie was wat jy wou hê nie, maar omdat daardie persoon dit vir jou gegee het, het jy waarde daaraan geheg…

GOD IS ONS BRON VAN LIG

Geskenke vergaan. Geluk kwyn. Vreugde vervaag.

God, die onuitputbare bron van geluk, vreugde, gawes en liefde kan nie en sal nie vergaan nie.

Daar is meer waar ons ligpunte vandaan kom!

Daar is beter en meer as wat ons nou in ons lewe ervaar!

DIE TEKENS
WYS NA GOD

FILIPPENSE 3:7-8

*Maar alles wat vir my wins was, reken ek nou as verlies, ter wille van Christus. Inderdaad reken ek alles as verlies, **ter wille van die uitnemendheid daarvan om Christus Jesus, my Here, te ken**. Ter wille van Hom, het alles vir my 'n verlies geword, en beskou ek dit as vullis, sodat ek Christus as wins kan verkry.*

JAKOBUS 1:17-18

*'Elke goeie gawe en elke volmaakte geskenk kom van Bo. **Dit kom van die Vader wat die hemelligte geskep het, maar wat self nie soos hulle verander of verduister nie**. Omdat dit sy wil was, het God ons deur die woord van die waarheid tot die lewe gebring, sodat ons, om dit so te stel, eerstelinge kan wees van alles wat Hy geskep het. '*

Maak ‘n punt daarvan om God te loof en te eer.
Kyk verby die geskenke en die ligpunte in jou lewe na God self – die persoon met wie ons in ‘n verhouding moet staan.

Dit is hoekom Jesus as mens aarde toe gekom het!

Waarvoor kan jy vanaand dankie sê vir die Here?
Wat het jy in jou donker tye van God se karakter geleer?
Wat het jy vandag van God se karakter geleer?
Voel jy nader of verder weg van Hom as gister?

Mag al die tekens van goedheid in ons lewe ‘n voorloper wees van die eintlike bron van Lig wat ons in ons lewe nodig het – God self!